**No. 2659** **7 December 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE DWELLING-HOUSE AND ADJOINING BUILDING THEREON, SITUATED AT 26 KOK STREET, PHILIPPOLIS

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pierre Cronjé, Deputy Minister of National Education, hereby declare the property known as certain Remaining Portion of Dry Erf 59, Philippolis, with the dwelling-house and adjoining building thereon, more fully described below, to be a national monument.

*Description*

The property with the dwelling-house and adjoining building thereon, being certain Remaining Portion of Dry Erf 59, situated in the Township and District of Philippolis, in extent 26 (twenty-six) square roods 98,5 (ninety-eight comma five) square feet.

Deed of Transfer 3267/1968, dated 22 July 1968.

*Architectural interest*

This dwelling-house is a fine example of the flat-roofed type which from the late fifties of the nineteenth century replaced the houses with steep thatched roofs in the Orange Free State and which represents the most characteristic building type of the early Republican period. It is also an example of the earliest town houses which have been preserved in the Orange Free State. The adjoining building with its Victorian characteristics and the dwelling-house form a functional unit. (RNG 10/2/1164.)

P. CRONJÉ, Deputy Minister of National Education.

**No. 2659** **7 Desember 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE WOONHUIS EN AANGRENSENDE GEBOU DAAROP, GELEË TE KOKSTRAAT 26, PHILIPPOLIS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pierre Cronjé, Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom bekend as sekere Resterende Gedeelte van Droog Erf 59, Philippolis, met die woonhuis en aangrensende gebou daarop, soos hieronder vollediger beskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die woonhuis en aangrensende gebou daarop, synde sekere Resterende Gedeelte van Droog Erf 59, geleë in die dorp en distrik Philippolis, groot 26 (ses-en-twintig) vierkante roede 98,5 (agt-en-negentig komma vyf) vierkante voet.

Transportakte 3267/1968, gedateer 22 Julie 1968.

*Argitektoniese belang*

Hierdie woonhuis is 'n mooi voorbeeld van die platdaktipe wat van die laat vyftigerjare van die neëntiende eeu af die huise met steil grasdakke in die Oranje-Vrystaat vervang het en wat die kenmerkendste boutipe van die vroeë Republikeinse tydperk verteenwoordig. Dit is ook 'n voorbeeld van die vroegste dorpshuise wat in die Oranje-Vrystaat behoue gebly het. Die aangrensende gebou met sy Victoriaanse kenmerke en die woonhuis vorm 'n funksionele eenheid. (RNG 10/2/1164).

P. CRONJÉ, Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding.